higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

FINANSIËLE REKENINGKUNDE N6

(4010216)

27 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
FINANSIËLE REKENINGKUNDE N6
TYD: 3 URE
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Beantwoord AL die vrae in die aangehegte ANTWOORDBOEK.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Skryf jou EKSAMENNOMMER op elke bladsy van die aangehegte ANTWOORDBOEK.
6. Toon ALLE berekeninge tussen hakies, waar van toepassing.
7. Finansiële state moet ooreenkomstig die 2015-Sillabus wees.
8. Gebruik slegs 'n blou en 'n swart pen.
9. Tipp-Ex mag NIE gebruik word nie.
10. Rond ALLE bedrae af tot die naaste rand.
11. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Bereken die bedrag van verkope wat in die staat van omvattende inkomste sal verskyn.

Verkope (BTW ing.)	R114 00

A R100 000
B R98 040
C R129 960
D R112 000

1.2 Bereken die bedrag van dividende soos dit in die staat van veranderings in ekwiteit sal verskyn, indien 'n dividend van 10 sent per aandeel op gewone aandele verklaar word.

100 000 gewone aandele @ R2 elk	R200 000
50 000 10% voorkeuraandele @ R3 elk	R150 000
Teruggehoue inkomste	R45 000

A R10 000
B R20 000
C R15 000
D R25 000

1.3 Bereken die bedrag van teruggehoue inkomste op 31 Desember 2018 op grond van die inligting hier onder.

Teruggehoue inkomste (1 Januarie 2018)	R35 000
Netto wins voor belasting	R80 000
Oorplasing van algemene reserwe (moet nog gedoen word)	R5 000
Dividende verklaar	R3 000
Belasting	R15 000

A R110 000
B R92 000
C R107 000
D R112 000

1.4 Volgens IFRS moet die oplopingsbasis by die opstelling van finansiële state gebruik word. Hoeveel sal as Reklame in die staat van omvattende inkomste opgeteken word as R14 000 vir 14 maande betaal is?

A R14 000
B R4 000
C R2 000
D R12 000

Kopiereg voorbehou

1.5 Hoeveel sal die bedrag vir aandelekapitaal en reserwes wees indien Bates R450 000 is, en Laste R320 000?

A R130 000
B R770 000
C R320 000
D R450 000

1.6 Bereken die bedrag van Lening wat onder niebedryfslaste in die staat van finansiële posisie sal verskyn op grond van die volgende inligting:

Finansiële jaareinde is 30 Junie 2016

Lening: Absa (15%)	R170 000
Paaiement elke ses maande betaalbaar	R20 000

Die paaiemente vir 2016 is reeds betaal en opgeteken

A R150 000
B R160 000
C R180 000
D R195 500

1.7 Hoeveel sal in die staat van finansiële posisie opgeteken word vir voertuie, as die kosprys R250 000 is en die opgelope depresiasie R70 000?

A R250 000
B R320 000
C R180 000
D R70 000

1.8 Hoeveel sal die inkomstebelastinguitgawe vir Motswako Bpk wees as die netto wins voor belasting R530 000 is?

A R159 000
B R65 088
C R74 200
D R148 400

Die volgende inligting hou verband met VRAAG 1.1.9 1 en 1.1.10.

Krediteurekontrole	R30 000
Opgelope inkomste	R14 000
Vooruitbetaalde uitgawe	R3 000
Inkomste vooruit ontvang	R3 500
Aandeelhouers vir dividende/dividende betaalbaar	R25 000
Bank (Dt)	R15 000

Kopiereg voorbehou

1.9 Gebruik die inligting hier bo om die totale lasbedrag te bereken:

A R47 000
B R58 500
C R36 500
D R45 000

1.10 Gebruik die inligting hier bo om die bedrag van lopende bates te bereken:

A R17 000
B R32 000
C R16 500
D R15 000

[30]

VRAAG 2

2.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1.1 Houers van gewone aandele is die eienaars van die maatskappy.

2.1.2 Elke besigheid kan as 'n BTW-ondernemer registreer.

2.1.3 Die naam van maatskappye wat deur die staat besit word, moet met SOC eindig.

2.1.4 'n Aandelesertifikaat is bewys dat iemand 'n aandeelhouer is.

2.1.5 Gereserveerde aandelekapitaal verwys na aandele wat nie uitgereik is nie.

2.1.6 Dividende is verskuldig en betaalbaar sodra dit verklaar word.

2.1.7 Die openbarebelangtelling word met behulp van 'n formule bepaal.

2.1.8 Voorkeuraandele het eerste voorkeur op die wins van die maatskappy.

2.1.9 'n Staat van veranderings in ekwiteit toon die bewegings in die maatskappy se ekwiteite.

2.1.10 Die huidige belastingkoers vir maatskappye is 30%.

(10 × 2) (20)

2.2 Onderskei tussen 'n *maatskappy met winsoogmerk* en 'n *maatskappy sonder winsoogmerk*. (4)

2.3 Onderskei tussen *staat van finansiële posisie* en *staat van omvattende inkomste*. (4)

2.4 Onderskei tussen *voorkeuraandele* en *gewone aandele*. (4)

2.5 Onderskei tussen *uitkeerbare reserwes* en *nie-uitkeerbare reserwes*. (4)

2.6 Noem en bespreek vier kwalitatiewe kenmerke van goeie finansiële verslagdoening. (8)

2.7 Noem TWEE elemente van die finansiële staat wat in die staat van omvattende inkomste gevind word. (2)

2.8 Noem DRIE elemente wat in die staat van finansiële posisie gevind word. (3)

2.9 Vul die ontbrekende bedrae in:

Inklusiewe bedrag	Eksklusiewe bedrag	BTW
1 140	**2.9.1** …	**2.9.2** …
2.9.3 …	**2.9.4** …	700
2.9.5 …	15 000	**2.9.6** …
26 220	**2.9.7** …	**2.9.8** …

(8 × 3) (24)

[73]

VRAAG 3

Die volgende inligting is geneem uit die rekords van Mabotja Trading BK op 31 Desember 2017:

Ledebydrae	900 000
Teruggehoue inkomste 1 Januarie 2017	50 000
Algemene reserwe	15 000
Herwaardasiesurplus	100 000
Krediteurekontrole	34 000
Uitkering aan lede	80 000
Inkomste vooruit ontvang	3 000
Lening aan lid: Mabotja	30 000
Lening van lid	20 000
Lening: FNB (12%)	70 000
Vooruitbetaalde uitgawe	5 000
Debiteurekontrole	170 000
Kleinkas	750
Los kontant	450
Voorraad	50 000
Bank(dt)	102 200
Grond en geboue (teen herwaardasie)/vervangingsbedrag	700 000
Voertuig (voertuig gedurende die jaar gekoop, R20 000)	120 000
Opgelope depresiasie: 31 Desember 2017 (depresiasie vir die jaar, R12 000)	24 000
Meubels	73 000
Opgelope depresiasie: 31 Desember 2017 (depresiasie vir die jaar, R2 500)	13 000
Vaste deposito: Gupta Bank (15%)	100 000
Netto wins vir die jaar	42 400

GEVRA:

3.1 Berei die staat van finansiële posisie van Mabotja Traders BK op 31 Desember 2017 voor.

3.2 Berei die aantekening voor vir eiendom, aanleg en voertuig.

[30]

VRAAG 4

Die volgende inligting is uit die boeke van Dihangwane Stores BK verkry:

Uittreksels uit die staat van omvattende inkomste vir die jaar geëindig 31 Oktober 2016

Netto wins voor belasting	187 200
Die volgende is in aanmerking geneem by die berekening van netto wins:	
Depresiasie	8 000
Rente op lening aan lede	3 000
Rente op lening van lid	2 500
Inkomstebelasting	25 200
Uitkering aan lede	30 000
Omset	686 000

Uittreksels uit die staat van finansiële posisie soos op 31 Oktober 2016

	2016	2015
Eiendom, aanleg en toerusting teen netto drawaarde	860 000	552 000
Koste	940 000	624 000
Opgelope depresiasie	(80 000)	(72000)
Ander finansiële bates	70 000	140 000
Lening aan lid	54 000	
Handels- en ander ontvangbare rekeninge	54 000	74 000
Voorraad	95 200	83 200
Kontant en kontantekwivalent	50 000	-
TOTALE BATES	**1 023 200**	**921 200**
Handels- en ander betaalbare rekeninge	60 000	63 500
Lening van lid	88 000	80 700
Bankoortrekking		77 000
Belasting betaalbaar	75 200	60 000
Uitkering aan lede	60 000	40 000
Reserwes	300 000	
Ledebydrae	600 000	600 000
Totale ekwiteit en laste	**1 183 200**	**921 200**

Kopiereg voorbehou

Addisionele inligting

- Eiendom, aanleg en toerusting is gedurende die jaar gekoop, R53 700 is gebruik om bedrywighede uit te brei, en R240 000 was herwaardasie. GEEN bate is gedurende die jaar verkoop nie.

GEVRA:

4.1 Berei die Staat van Kontantvloei voor vir die jaar geëindig 31 Oktober 2016.

4.2 Berei die volgende aantekeninge en berekenings voor:

4.2.1 Rekonsiliasie van netto wins voor belasting met kontant gegenereer

4.2.2 Belasting en uitkering betaal

[34]

VRAAG 5

5.1 Gee VIER verskille tussen *interne oudit* en *eksterne oudit*. (8)

5.2 Noem en verduidelik DRIE tipes eksterne ouditverslae. (9)

5.3 Beskryf enige VIER doelwitte van interne oudit. (8)

5.4 Noem die VIER stappe van die interne ouditproses. (8)

[33]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou